Die tempel as seëning of straf

Teks: 2 Kronieke 7: 1 - 22
Teksvers: 2 Kronieke 7: 14, 19, 20

1. Inleiding

Geliefdes is die ’n aangenaam of onaangenaam om in die teenwoordigheid van ’n uitnemende persoon te wees? Of selfs om op reis by ’n spesiale plek teenwoordig te wees? Vinnig wil ’n mens reageer maar dit kan tog nie albei wees nie, dit moet een van die twee wees. Dit moet aangenaam of sleg wees. Wel as ons na die aangename persoon op plek kyk, kan dit aangenaam wees om daar teenwoordig te wees, omdat ek graag iets wil ontvang. Deur na ’n persoon met kennis te luister ontvang ek self mos ‘n stukkie wysheid, en selfs die teenwoordigheid by ’n spesiale plek bring mos ’n bietjie rustigheid in my siel.

Maar dit kan ook onaangenaam wees, want wanneer ek in die teenwoordigheid van ’n uitnemende persoon is, voel ek klein en swak wanneer ek na myself kyk. Of wanneer ek op ’n speisiale plek is, kan ek hartseer voel omdat ek nie altyd daar kan bly nie, maar moet teruggaan waar ek vandaan kom. Laastens kan ek dalk nie die uitnemendheid van ’n persoon of plek regtig verstaan nie, en dan is my teenwoordigheid bloot ’n vervelige tydverdryf.

Hierdie gedagtes bring ons dan by die tempel van die Here in Jerusalem. In ons teksgedeelte uit 2 Kronieke 7, staan ons voor die pas voltooide tempel van Salomo. In ’n droom gee die Here self aan Salomo Sy goedkeuring van hierdie tempel. En dan speel die tempel ’n sentrale rol verder in die geloofslewe van die kinders van die Here. Maar die konsep van tempel in die Bybel is alles behalwe staties, en daarom gaan ons ook in hierdie preek die ontwikkel van die tempel ondersoek. Want ons wil uiteindelik weet of die tempel tot ’n seëning of straf vir ons is.

2. Jerusalem waar die Here aanbid word.

In ons teksgedeelte voltooi Salomo die tempel, in die dawidstad Jerusalem. Ons weet dat die Here hierdie voorreg vir Dawid ontneem. Maar Salomo voltooi nie net die tempel nie, Hy ontvang ook die bevestiging van die Here dat hierdie Sy tempel is. Met ander woorde dit is die plek op aarde waar die Here op ’n spesiale manier voortaan teenwoordig sal wees. Ons sien al iets hiervan in die 1ste twee verse wat ons saamgelees het. Die magtige teenwoordigheid van die Here het die tempel gevul en die priesters kon nie daar binne kom nie.

Dit hierdie Heilige teenwoordigheid van die Here wat ook die middelpunt van ons boodskap vanoggend is. Want dit is juis hieraan wat die twee uitsprake wat ons teksverse maak, hang. Vers 14 openbaar dat swaar tye gaan kom. Droogte, plae en natuurrampe, peste en pandemies gaan kom. Maar dan sal die tempel ’n herinnering aan die Almagtige Skepper en onderhouer van die heelal wees. En wanneer mense dat hulle nederig kom verootmoedig in die teenwoordigheid van die Here, sal Hy hulle sonde vergewe en hulle land genees. Met ander woorde die Heilige teenwoordigheid van die Here bied troos, beskerming en verlossing vir wie nederig die Here eer en aanbid.

Maar wanneer die mense hoogmoedig neerhalend neerkyk op die tempel, sal hulle uitgeruk word uit die land uit. Die Here sal dan selfs hierdie tempel verwyder volgens vers 20. Met ander woorde die Here sal Sy teenwoordigheid onttrek. Ander volke sal die volk oorwin, die tempel afbreek en dit sal so ’n groot spot wees, dat heidene sal vra waarom het die Here dit gedoen. Dit is tweede manier waarop die Heilige teenwoordigheid van die Here werk. Boosheid kan nie bestaan in die Heilige teenwoordigheid van die Here nie. Hierin sien ons die straf vir die sondaar in die teenwoordigheid van die Here.

3. ’n Nuwe tempel in 3 dae

Tog wanner ons vandag eerlik gaan kyk na die tempel wat Salomo gebou het, sal ons hom nie sien nie. Daardie tempel bestaan nie meer nie. In 587 v.C. en die die daarop volgende jaar verwoes die Babiloniese weermag van Nebukadnesar hierdie tempel. Die tempel word later in Esra en Nehemia se tyd herbou, maar is nie so indrukwekkend soos die gebou wat Salomo opgerig het nie. Dit is dus duidelik uit die geskiedenis dat ons tweede teksverse, eerder as ons eerste een, waar geword het. Daar was ’n hoogmoedige afkerigheid van die insettinge en gebooie van die Here. Ons sien die aanbidding van afgode deur die volk.

Maar in genade is dit nie die einde van die geskiedenis nie. Want ons Here Jesus Christus kom as mens na hierdie aarde. Dit is Hy wat vir die Jode in Johannes 2:19 sê: Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig. Aan ons word geopenbaar twee verse later dat Jesus van Sy eie liggaam praat. En so sien ons die verandering in die tempel van die Here. Die teenwoordigheid van God tussen ons as mense is nou in Christus, nie meer in die gebou nie. Hierdie verandering is nodig, nie omdat die Vader verander het nie, maar omdat ons as mense nie die gebooie en insettinge van die Vader kon onderhou nie.

Maar terug by ’n seëning of ’n straf. In die teenwoordigheid van Christus as mens op aarde, ervaar ons ook albei. Vir party mense is Sy teenwoordigheid is Hy onmiddelik die Verlosser, wat hulle red uit hulle verlorenheid. Mense wat bely dat Hy waarlik die Seun van God is. Maar vir ander is Hy die oordeel van God op hulle sondes. Hy is “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword” Maar ook “’n klip waaroor ’n mens struikel en ’n rots waarteen jy jou stamp.”

4. Die onderlinge samekomste

Maar die geskiedenis gaan ook verder, as dit wat 2000 jaar gelede in Jerusalem gebeur het. Dit loop deur tot hier waar ons vanoggend as Nuwe Testamentiese kerk bymekaar kom. Die Ou Testamentiese tempel van Salomo is vandag die plek waar die Al-Aqsa moskee in Jerusalem staan. Ons weet dat Christus uit die dood opgestaan het en na 40 opgevaar het na die hemel, soos ons ook eersdaags tydens ons hemelvaartdiens gaan herdenk.

Maar dan sien ons in handelinge 2 dat die Heilige Gees uitgestort word in die apostels. Hulle gaan voort en verkondig die evangelie, en bring op hierdie manier die Nuwe Testamentiese kerk tot stand, waarvan ons steeds vandag deel is. En in hierdie bedeling is die tempel van die Here baie nader as wat ons kan dink. In 1 Korinthiërs 6 herinner Paulus ons hieraan in vers 19: “19Of weet julle nie dat julle liggaam ’n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?”

Tog kan ons na maklik vra of geloof nou ’n private aangeleentheid is wat niks met iemand anders te doen het nie. Maar dit is nie waar nie. Want wanneer die Heilige Gees binne my die geloof werk, trek dit my ook nader aan ander mense. Eerstens om saam die insettinge en verordeninge van die die Here te bestudeer en te bespreek. Maar tweedens ook om te dien. Eerstens om ook saam met ander gelowiges die Here te eer en te verheerlik in lofprysing en aanbidding. Maar tweedens om ook ’n gemeenskap te wees waarin ek die Here se liefde aan ander mense rondom my kan bedien.

Ons kan sê dat die Geloof wat die Heilige Gees binne ons werk soos ’n magneet veld is. ’n Magneetveld wat my juis aantrek na ander mede gelowiges wat soos ek glo en bely. Maar ook ’n magneetveld wat my aantrek na die sendingveld om juis die evangelie te gaan versprei. Daarom beveel Hebreërs 10:25 ons duidelik die volgende : “25Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.”

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met ’n praktiese self ondersoek. Ons kan mekaar die vraag vra: Hoe laat die feit dat die Gereformeerde Kerk Phalaborwa waarskynlik teen alle verwagtinge vanoggend nog bestaan, u voel. Is dit vir ons ’n seën om steeds plaaslik oor ’n plek te beskik waar ek die Here kan aanbid saam met broers en susters wat bely en glo soos wat ek glo. Is dit ’n seën omdat ons hier saam die woord van die Here kan bestudeer, en kan groei in bybelstudies en ander groei geleenthede. Is hierdie kerk vir my ’n seën omdat dit iets van ’n organisatoriese struktuur bied waardeer ek die liefde van die Here aan my naaste kan bewys.

Of is die bestaan van die Gereformeerde Kerk Phalaborwa vandag vir my ’n straf. ’n Straf omdat ek koud geword het in my geloof, terwyl daar ’n gemeente is wat weekliks bymekaar kom op my voorstoep hier in Phalaborwa. Is die bestaan van hierdie gemeente vir my ’n straf omdat ek eintlik ’n ander roemryke welvarende beeld van die Gereformeerde kerk het. Is die bestaan van hierdie gemeente vir my ’n straf omdat dit ook van my opoffering in terme van tyd, moeite en ander hulpbronne vra?

Nie ek om enige ander gewone mens kan hierdie straf in ‘n seëning vir u verander nie. Maar die Here Jesus Christus kan wel. Trouens, dit is presies wat Hy kom doen het

deur Sy eie lewe as volmaakte offer te gee in die plek van ons sondes, in die plek van ons verkeerde gedagtes en ingesteldheid. Kom ons laat die Heilige Gees weer opnuut die geloof in ons werk vanoggend. Want deur hierdie werking van die Heilige Gees, word ons as sondaar mense verander in ’n tempel wat ’n aangename geur voor die aangesig van die Here kan laat opgaan.

Amen